LAERSKOOL BELLVILLE-NOORD

Van der Stelstraat, Bellville 7530

Tel. (021) 948-3654
Faks: (021) 949-2087
E-pos: lbnoord@bnprim.co.za
Webadres: http://www.bnprim.co.za

Omsendskrywe 10/2020
(Jaarverslag)

Geagte Ouers / Voogde

Soos wat 2020 nou tot sy einde kom, wil die Beheerliggaam en Skoolhoof gebruik maak van hierdie omsendskrywe om alle ouers op hoogte te bring oor gebeure by Laerskool Bellville Noord in 2020. Covid-19 bied geweldige uitdagings aan ons almal, maar ten spyte van die vele hindernisse en die huidige ekonomiese klimaat het die skool positiewe stappe geneem om ons skool te verbeter. Die Departement van Openbare Werke het omvattende geskeduleerde onderhoud onderneem, en ons is baie dankbaar vir die infrastruktuur-verbeteringe. Hier volg 'n oorsig van die 2020-jaar.

Finansiële verslag (Me. A. Best)

Eerstens 'n opregte dankie aan alle ouers/voogde, wat hulle kinders se skoolfonds so getrou betaal het vanjaar. Te midde van Covid-19 het u skoolfondsbydrae dit moontlik gemaak om die skool se fidusiêre verpligtinge na te kom.

Daar is egter ook 'n persentasie ouers/voogde wat in gebreke gebly het om hul wetlike, finansiële verpligtinge (insake skoolfondsbetaling) na te kom. Dit is nou diegene wat nie vir volle of gedeeltelike vrystelling van skoolfondsbetaling in aanmerking gekom het nie.

Ongelukkig moet 'n bepaalde proses gevolg word om uitstaande skoolfonds te debiteer; met onvermydelike prokureursaksies. Die skoolhoof word geensins by so 'n aksie betrek nie. Die Finansiële Beleid is vir 2021 sodanig aangepas dat prokureurs- aksies meer spoedeisend sal volg; wat reeds by ander skole ter sprake is.

Tydens die begrotingsvergadering, wat op 20 Oktober 2020 gehou is, is alle aspekte van die begroting aanvaar en goedgekeur. Die begroting is dus bindend op alle ouers van die skool en nie net van toepassing op diegene wat teenwoordig was en ten gunste gestem het nie. Huidig word die debietorders vir 2021 voorberei, aangesien die skool eers op 27 Januarie 2021 vir die leerlinge begin.

Skoolfonds is 'n wetlike verpligting in terme van Artikel 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet. Biologiese/aanneemouers is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik en verplig om die skoolfooie te betaal, ongeag van hul huwelikstatus. Dit bly dus die verantwoordelikheid van die ouers by wie die leerlinge woonagtig is, om die inhoud van alle korrespondensie/kenningewings aan die ander party oor te dra.

Skoolfooie 2021: Die volle bedrag per leerling R10 890.00 is betaalbaar teen 5 Februarie 2021. Die vergunning wat verleen word, is om dit in 11 paaiemente te betaal, en die rekening sal dienooreenkomstig gehef word. Indien u met die eerste paaiement in Februarie die volle bedrag (R10 890.00) betaal, kwalifiseer u vir 'n 10% korting op die totale bedrag. Die bedrag betaalbaar per leerling is dan R9 801.00. U kan die skoolfonds (debietorder/EFT/Smartfunder) maandeliks betaal. Dit is R990.00 per leerling, per maand. Die eerste paaiement word gehef voor/op 1 Februarie 2021. Die laaste paaiement is betaalbaar teen 2 Desember, 2021. Skoolfonds- en naskoolsentrumfooie word afsonderlik verreken. Skoolfonds geniet prioriteit. R50 per onbetaalde debietorder sal by u bestaande rekening gevoeg word.

Sou u enige probleme ten opsigte van betalings van skoolfonds ondervind, moet u asseblief vroegtydig en skriftelik die Beheerliggaam van u situasie in kennis stel.

Bankbesonderhede van skool: LAERSKOOL BELLVILLE-NOORD
ABSA: 145 0490 551
TJEK: 632005
VERWYS: Leerling rekeningnommer en voorletter en van
NASORG: N/S L. QUINCY

Debietorderstelsel: Bestaande debietorders se bedrag sal automaties aangepas word, om voorsiening te maak vir die verhoging in 2021.

Elektroniese betalings: Betalings mag direk in die skool se rekening inbetaal word. Verkry asseblief u persoonlike rekeningnommer van die skool, ten einde korrekte toedeling te verseker. Maak asseblief voorsiening vir transito-tyd tussen banke.

Gedeeltelike of volle vrystelling van betaling van skoolgelde

U kom slegs hiervoor in aanmerking indien u volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet Regulasies daarvoor kwalifiseer.

Die vrystellingsvorms sal beskikbaar wees binne die eerste twee weke (27 Januarie - 10 Februarie 2021). Dit is die Betaling van Skoolgeldvorm. U moet die vorm persoonlik in ontvangs neem by Me. Steyn se kantoor vir ons finansiële rekord- doeleindes.

Graad. R-leerlinge kwalifiseer nie vir dié opsie nie.

Invorderingsbeleid: Afdeling 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA) bepaal aanspreeklikheid vir die betaling van skoolfonds, behalwe waar kwytskelding of gedeeltelike vrystelling ter sprake is.

Ons kan slegs die beplande hoë standaarde vir 2021 handhaaf indien ouers/voogde hulle finansiële verpligtinge stiptelik nakom.

GEBOUE & TERREIN: (Terugvoering van Mnre. M. Smit en J. Viviers)

Uit 'n infrastuktuur-oogpunt kan ons bevestig dat die Onderwysdepartement (WKOD) die skool geoormerk het vir omvattende onderhoud in 2020. Daar is aspekte wat steeds dringende onderhoud verg, soos bv. die teeroppervlaktes, die saalvloer sowel as twee tennis-/netbalbane. Dit word as skoolprojekte geoormerk in die Skoolverbeteringsplan tydens 2021-2024 siklus. Onderhoud is egter wel onderneem. Hier volg 'n uiteensetting van die omvang van geskeduleerde onderhoud, wat deur Departement Openbare Werke onderneem is.

- rubberseëling van platdak-oppervlaktes/dakstrukture.
- herbedrading van die elektrisiteitsnetwerk (geboue-kompleks).
- bestaande beligting is vervang met energiebesparende gloeilampe.
- opgradering van ablusie en watervoorsiening.
- omvattende risiko-ontleding en opgradering; na aanleiding van veiligheids-oudit.
- trapreëlings by alle toegangsdeure
- algemene toerusting (herstelwerk en instandhouding).
- aanvulling van gruis in parkeerarea (skool).
- vestiging om didaktiese klas (grondslagfase - skool).
- opgradering van klimrame (grondslagfase - skool).

Wat wil ons doen in 2021/2022?

- Herseël van twee tennis-/netbalbane.
- 13 nuwe pawiljoene is reeds gebou; danksy 'n ruimhartige, maandelikse skenking van 'n oud-leerling. Nog 5 pawiljoene word beoog.
- 'n Veiligheidshek na die binne-vierkant word tans gebou.
- Die saalvloer word opgegradeer in 2021. (Onderhandelinge word met potensiële borge gevoer).
- 'n Interne kamera-stelsel word in die gange en by die deure van die Gr.R en Gr.1 en 2 gange geïnstalleer vir veiligheidsmonitering.
- Migrasie van skool se e-kommunikasie stelsel na nuwe verskaffer.

BEMARKING: (Terugvoering van Me. Melanie Redelinghuys)

Mnr Corné Lötter is deurlopend by bemarking betrokke via die D6 kommunikeerder en Laerskool Bellville-Noord se facebook bladsy. Ons ouerkorps word dus deurentyd ingelig oor BN-aktiwiteite. Lees ook meegaande uittreksel uit ons strooibiljet 'Waarop ons trots was in 2020'.

Waarop ons trots was in 2020

1. 'n Oud-BN'er, Nichola Viviers, wen die landwye ATKV Tienertoneel-kompetisie.
2. Oud-BN'er, GF Linde, verteenwoordig SA in krieket teen Engeland.
3. Vier van ons leerlinge word gekeur vir 'n nasionale drama-projek onder leiding van verskeie SA-akteurs.
4. Drie van ons meisies behaal 1ste en 2de plekke by 'n streeks aerobics-kompetisie.
5. Ons nuwe webblad registreer al oor die 20 500 besoekers sedert 2017.
6. Die OOV bied twee suksesvolle aande-vir-paartjies, twee kolwyntjieverkope, asook pizza-pouses aan ondanks Covid-19.
7. Ons derde mini-krieketdag was weereens 'n groot sukses met 24 o.8/o.9-spanne wat deelneem.
8. Ons eerste prettige netbaldag vir volwasse spanne is 'n groot sukses.
9. Ons OOV samel 'n pragtige bedrag van meer as R 38 000 in met ons spelolimpiade ondanks Covid-19.
10. Ons kan verskeie gesinne ondersteun wat swaar getref is weens afleggings nav die inperking/grendeltydperk.
11. Ons funksioneer steeds dmv Whatsapps, ens. tydens die inperking/grendeltydperk.
12. Ons Groentjiesklub verfraai die skoolgronde met 'n hele paar wynvaatjies vol plante.
13. Ons skenk voor én na die grendeltyd prag bedrae aan CHOC (kinders met kanker) wat deur ons ll'e ingesamel is.
14. Ons verkies drie ekstra graad 7's later in die jaar tot die leerlingraad danksy hul positiewe gedrag en algemene optrede.

OOV: (Terugvoering van Mnr. C.J. Scholtz)

Die OOV se voorgenome fondsinsamelingsprojekte het in Maart 2020 tot stilstand gekners, met die aanvang van die grendeltydperk. Nie net is ons OOV-lede van geleenthede ontneem om ons ouergemeenskap met hulle entoesiastiese ywer te betrek nie, maar die negatiewe, finansiële impak op ons geprojekteerde skoolbegroting is 'n groot werklikheid in 2020. Desondanks kon die OOV met die kolwyntjie en pizza-verkope (R8 000.00) en die Spelolimpiade (R38 000.00) fondse genereer. Baie dankie aan elke persoon wat hierdie projekte ondersteun het, en dit sodoende vir die OOV moontlik gemaak het interne veiligheidsprojekte te help finansier. Ons gaan in 2021 met hernude ywer Bellville-Noord ondersteun en ons wil u reeds nou al versoek om u kind se skool en sy/haar persoonlike belange op die hart te dra.

Seksualiteitopvoeding (Lewensoriëntering graad 4-7)

Daar is al heelwat debat wat in die media gevoer is rakende voorgestelde veranderinge in die Lewensoriënteringleerplan; in terme van seksualiteitsopvoeding.

Alhoewel daar begrip is vir die feit dat ongewenste tienerswangerskappe kommerwekkend aan die toeneem is, is die "one size fits all" – benadering totaal onaanvaarbaar.

- Leermateriaal moet ouderdomsverwant wees.
- Dit moet die kulturele agtergrond van die skoolgemeenskap in ag neem.
- Dit mag geensins eksplisiet van aard wees nie.

Ter opsomming dus die volgende:

Die Voorsitter van die Beheerliggaam en die Skoolhoof sal nie ons leerlinge blootstel aan inligting, grafiese materiaal of handelswyses wat as eksplisiet en/of ontoepaslik beskou word nie.

Daar is ook reeds sterk standpunte gestel deur onderwysvakbonde, dat skole die volle mandaat moet hê om seksualiteitsopvoeding binne die konteks van skoolgemeenskappe te kan vertolk. Bellville-Noord **sal** die kulturele waardes van sy skoolgemeenskap respekteer.

Kurrikulumlewering tydens die grendeltydperk

Grondslagfase

'n Opsomming van Grendeltyd deur die oë van 'n graad R-onderwyseres

Die ouers het reeds aan die begin van die jaar saam met die wiskunde-en klanke-apparaat 'n jaarprogram wat in die kwartale opgedeel was ontvang. Dit het die ouers 'n goeie idee gegee wat hul kind t.o.v. die 3 leerareas aan die einde van elke kwartaal moes bereik.

Ouers het aanvanklik 2 keer per week wentelaktiwiteite ontvang van hoe leer ons vaardighede in die klas. Dit het soms 'n video ingesluit. Dit het ook die klank van die week ingesluit wat die leerlinge moes herken en as beginklank hoor. Leerlinge het ook later weekliks 'n klankles op video ontvang.

Later het ons hierdie vaardighede in programme saamgevat wat aan 'n tema gekoppel was en ook skeppende aktiwiteite ingesluit het. Namate ons programme uitgebrei het, is dit aan die leerlinge per e-pos gestuur.

'n Opsomming van Grendeltyd (gr. 1) deur die oë van 'n graad 1-onderwyseres

Sonder enige waarskuwing word ons 2020 "ingeperk". Grendeltyd word aangekondig in 'n dapper poging om die verspreiding van 'n onbekende, ongetemde virus te voorkom.
Daarmee saam begin 'n uitdagende, onbeproefde fase in die onderrig van ons junior leerlinge.

Aanvanklik het ons 'n tuisprogram met die nodige lesmateriaal voorberei en saam met die leerlinge huis toe gestuur.

Met die aankondiging van 'n verlengde grendeltyd het die kopkrap begin. Meeste van ons leerlinge in graad 1 was steeds konkreetgebonde. Leer en onderrig kon slegs plaasvind met die gebruik/manipulering van geskikte leermateriaal.

Naasbeste was demonstrasielesse op video. Metodes van leer en voorbeelde van eenvoudige lesmateriaal (videos) is weekliks aan die ouers d.m.v. Whatsapp gestuur. Saam met die lesse is 'n weeklikse tuisprogram (PDF-formaat), lesmateriaal en foto's aan die graad 1-ouers gestuur. Geskikte lesmateriaal is van "Youtube" afgelaai, verwerk en per Whatsapp aan die ouers gestuur.

'n Deurry-geleentheid is ook gereël waartydens ouers afgerolde programme en leermateriaal by die skool kon kom optel.

Deurgaans het ons gepoog om al die vlakke waarop ons leerlinge funksioneer en leer aan te spreek in alle videolesse, lesmateriaal en foto's.

Progressie van leermateriaal was geskoei op verbreding (verryking) van aangeleerde begrippe en vaardighede, eerder as versnelling van die leerproses.

Sonder ons ouers sou ons leerlinge nie die mas kon opkom nie. Baie dankie vir die belangrike rol wat u gespeel het in die opvoeding van u kind gedurende 2020.

Met die verligting van die vlakke van die grendeltyd, het ons graad 1-onderwyseresse 'n twee-weeklikse program huis toe gestuur. Steeds was die Whatsapp-platvorm die belangrikste manier waarop inligting gereeld en betyds aan ouers oorgedra is.

Werkboeke, wat pas by die program, is afgerol en huis toe gestuur. Vir elke "afdag" in die twee weke is daar 'n program gestuur met vasleggingstake in die WKOD-boeke wat aan die leerlinge verskaf is.

'n Opsomming van Grendeltyd (gr. 2) deur die oë van 'n graad 2-onderwyseres

Voor die infasering van die graad 2's is 'n harde kopie van die weeklikse tuisprogramme d.m.v. 'n deurry aan die ouers voorsien.

Vrydae het die graad 2's informele toetse en memorandums aan die ouers gestuur sodat hulle verseker kan wees dat die reeds aangeleerde werk deeglik vasgelê is. 'n Week voor die amptelike infasering is 'n aanvangsassessering tuis voltooi, om te kyk of daar voldoende vordering was met die aanleer van die tuisprogramme.

Daar is deurentyd gepoog om die aangepaste kurrikulum te volg en ouers op hoogte te hou van hulle kinders se vordering.

'n Volledige assesseringsprogram is vroegtydig aan die ouers gestuur voor die aanvang van die laaste formele assesserings by die graad 2's.

'n Opsomming van Grendeltyd (gr. 3) deur die oë van 'n grondslagfase-onderwyseres

Tydens die inperking is werk weekliks d.m.v. Whatsapp aan die ouers gestuur. Werk is volgens CAPS uiteengesit en gestuur. Nuwe begrippe is met videos gestuur. Daar was ook 'n deurry-geleentheid waartydens boeke en werk aan die leerlinge oorhandig was.

Met die verligting van die inperkingsvlakke, het ons skool amptelik aansoek gedoen dat die graad 3's vroeër kon begin as wat nasionaal toegewys was. Ons het 'n week vir oriëntasie en basislynassessering gehad waarna ons die aangepaste kurrikulum en resultate van die basislynassessering gebruik het vir die verdere beplanning.

Die leerlinge het ook 'n twee-weeklikse huiswerkprogram/tuisprogram gekry vir verdere vaslegging. Die WKOD-rooiboeke is ook gebruik tydens die inperking en ook vir huiswerk.
Met die einde van 2020 om die draai, groet die gr. R tot 3-onderwyseresse elke grondslagfase-leerling met die wens dat alle lewensvaardighede gedurende die uitdagende tydperk aangeleer, tot voordeel van hul menswees sal strek in die toekoms.

Ons gr. R tot 3-onderwyseresse het 'n groot waardering vir ons wonderlike ouers wat deurlopend ons hande gevat het en die beste van al dié jaar se uitdagings gemaak het.

Kurrikulum lewering (2020) in die Intersenfase

Hierdie ongewone jaar het besonderse uitdagings aan ons personeel gestel en hulle het bewys uit watter kaliber hulle bestaan.

Goeie beplanning en deeglike voorbereiding het ons personeel in die posisie gestel om die kurrikulum tydens inperkingstyd deurlopend aan ons kinders te lewer.

Elke klasgroep se ouers was op WhattsApp-groepe. Dit het die kommunikasie tussen onderwysers en ouers baie vergemaklik en het die inhoud toeganklik vir almal gemaak.

Die opneem van video's, stemnotas en gedurige kontak op WhattsApp groepe het ons in 'n posisie geplaas om vir ons kinders meer as die verwagte onderrig te gee tydens inperking.

Ons skool het vroeër alle grade ingefaseer en doelgerig voortgegaan om die kurrikulum aan te pas en meer toeganklik te maak. Daar is klem gelê op veral lees en Wiskunde.

Baie dankie aan elke Ouer/Voog/NSS-lid/Aupair/Ouboet/Ousus/Oupa/Ouma... kortom; enige persoon wat 'n konstruktiewe bydrae gelewer het om ons leerlinge te begelei.

Onderwys sal nooit weer dieselfde wees nie. U het veranderinge aan vakinhoud gefasiliteer, die kurrikulum help interpreteer met die onderwysers se professionele leiding en hoopvol gebly; te midde van reuse uitdagings op vele fronte. Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Ons sien daarna uit om ons kinders op 27 Januarie 2021 te kan ontvang!

Me. McCarthy (Namens onderwysers in grade 4-7).

Covid-10 Protokol 2020

Wie het ooit gedink dat Covid-19 ons sou tref en alles op sy kop draai?

Reeds op 13 Mei was 'n Gebeurliksheidskomitee saamgestel. Mnr. Viviers is as Voorsitter verkies, met agt ander lede wat elkeen 'n belangrike rol vervul in hierdie komitee.

Die Leierspan het op 18 Mei byeen gekom en 'n Covid-beleid is saamgestel. Dit was 'n intense week – om die beleid te vestig.

25 Mei 2020, het die Leierspan opleiding aan die Nie-KS opvoeders, onderwysers en NSS-personeel gegee.

Dit was regtig 'n omvangryke taak, want daar moes protokolle gesluit word vir die terugkeer van die werkers, onderwysers, NSS-personeel en vir elke graad wat moes terugkeer skool toe.

Vir elke graad is 'n video aan die ouers gestuur oor hoe die protokol en infasering gaan werk.

Aflaai- en opteltye van verskillende grade moes uitgewerk word. Wat gebeur as dit reën? Waar gaan ons genoeg termometers kry? Hierdie, en nog baie ander probleme, is in 'n japtrap opgelos.

Die kommunikasie na ons ouers was funksioneel. Mnr. Lötter het deurlopend werk op die D6 geplaas. Die onderwysers het ook in die verband op die Whatsapp-groepe met die ouers (en mekaar) gekommunikeer. (Baie dankie aan elke grad-ouer wat die reuse taak onderneem het om as skakelouer/administrateur van die onderskeie WhattsApp-groepe op te tree. Sonder u puik interaksie sou ons kommunikasie nie funksioneel gewees het nie!)

Die infasering van al die grade en die handhawing van ons Covid-beleid, was effektief . Hier en daar, waar iets nie na wense gefunksioneer het nie, het ons die situasie dadelik aangespreek. Daar moet ook onthou word dat ons verskeie kontrakteurs van Departement van Openbare Werke op die skoolterrein gehad het. Ons veiligheid in die verband het verseker dat risiko's pro-aktief ondervang is.

Tydens die vierde kwartaal is ontruiming geoefen (Klasinruiming) onder leiding van mnr. Lötter, om seker te maak dat alle rolspelers by die skool die Noodplan korrek interpreteer.

Afriforum het ons ook fantasties ondersteun deur aan ons termometers en sanitasie-apparaat te skenk. Chrismar Buurtwag, onder leiding van mnr. Theo Galloway het die personeel bygestaan in die oggende wanneer motors ons skoolgrond binnegery het om leerlinge af te laai. Dit was pikdonker, koud en reënerig. Hul hulp was onverbeterlik.

Baie dankie vir elke werker, onderwyser, NSS-personeellid en ons ouers. Elke persoon het moeite gedoen om Bellville-Noord se operasionele plan te laat werk!

Me. Jean-Marié Cilliers

Me. Cilliers verhuis na Johannesburg; waar sy 'n pos in Randburg aanvaar het vanaf Januarie 2021. Ons neem swaar afskeid van haar! Vir twee jaar lank het sy met groot professionaliteit, ywer en passie in (hoofsaaklik) graad 4 onderrig. Ons gaan haar spontane menswees mis, maar wens haar baie voorspoed toe met haar toekomsplanne. Me. Sulene Cronjé, wat tans in graad 5 waarneem, sal met ingang Januarie 2021, in graad 4 onderrig. Sy het ons personeel reeds baie beïndruk met haar

vakkennis, kind-vriendelike klasbestuur en gemaklike kommunikasie. Sy pas uitstekend in die Bellville-Noord legkaart, en sy sal ongetwyfeld met groot ywer saam met Juffrou Cariné du Plessis 'n formidabele Gr.4-span vorm!

Me. Marianne Hayes

Me. Hayes sal tydens Januarie en Februarie 2021 in Graad 5B waarneem, totdat Me. Theron (swangerskapverlof) op 4 Maart 2021 terugkeer. Me Hayes was die adjunkhoof by Laerskool Excelsior; tot en met haar aftrede einde 2019. Kortom; sy is 'n uitstekende, veelsydige onderwyser en (veral) haar grondige Wiskunde kennis sal 'n groot bate vir ons graad 5-leerlinge wees tydens basislyn-assessering. Ons sien baie uit na haar koms!

Me. Cheron Aspeling

Me. Aspeling (gr. 2) gaan met kraamverlof vanaf 5 Februarie – 4 Junie 2021. Me. Carike Janse van Vuuren sal haar pos vul gedurende hierdie tydperk. Sy het bewese onderwyservaring, en is al die afgelope 3 jaar as 'n assistent-onderwyser by ons grondslagfase betrokke. Sy het 'n gevestigde werksverhouding met ons grondslagfase-hoof (Me. Swanepoel) in graad 2, en sy is 'n geregistreerde onderwyser. Sy beskik oor al die eienskappe om 'soomloos' in te skakel en ons kinders professioneel en empaties te onderrig.

Gedurende hierdie tydperk sal daar ook 'n grondslagfase-assistentpos vir 4 maande gevestig word. Een van die oogmerke van ons Skoolverbeteringsplan (SVP), vir die 2021-2024 siklus, is die vestiging van 'n didaktiese klaskamer-ruimte, waartydens die onderwys-assistent sal inskakel.

Me. Corrinne Jansen

Me. Jansen (leerlingondersteuningsonderwyser) is 3 dae per week by BN aan diens. Sy sal die individuele aksieplanne van verwysde gr.1 en 2 leerlinge bestuur. Die assistent-onderwyser sal ook didaktiese ondersteuning bied. Sodoende wil die Beheerliggaam, in terme van Fokusarea 4 (Kwaliteit Onderrig en Leer) op 'n volhoubare wyse verseker dat onderwysers ondersteuning kan bied; waar bepaalde individuele leerhindernisse geïdentifiseer en aangespreek moet word.

Leerlinge wat groet:

Ons graad 7-leerlinge klim nou die volgende trappie.....Hoërskool! Ons wens hulle (en hul ouers/voogde) alle sterkte toe met die nuwe fase van hul lewens. Dit was 'n absolute voorreg om hierdie pragtige ouers en kinders persoonlik te kon leer ken. Bly trotse oud-Bellville-Noorders!

Ook aan enkele leerlinge in ander grade, wat ons skool gaan verlaat, baie sterkte. Ons weet julle sal voorgesette sukses ervaar in jul nuwe skole!

Neem net kennis van 'n paar belangrike datums.

- Die skool sluit vir leerlinge om 10:45 op twee afsonderlike dae, groep 1 – Maandag, 14 Desember en groep 2 – Dinsdag, 15 Desember. Rapporte moet fisies in ontvangs geneem word. Geen rapporte word elektronies of per pos aangestuur nie. Alle rapporte moet in ontvangs geneem word voor/op 12:00 (15 Desember). Indien 'n leerling dus nie self die rapport in ontvangs geneem het nie, is dit u verantwoordelikheid om dit self in ontvangs te neem.
- Die skool sluit op 15 Desember 2020 vir personeel. (Die NSS is oop tot 15 Desember 2020, en heropen vir hul vakansieprogram op 11 Januarie 2021.
- Die skool heropen vir personeel op 25 Januarie 2021.
- Die skool heropen vir leerlinge op 27 Januarie 2021 om 07:40.
- Die klerebank sal oop wees op Maandag, 25 Januarie 2021 tot Woensdag, 27 Januarie 2021 vanaf 08:00-11:00 en Donderdag, 28 Januarie 2021 vanaf 07:30 – 09:30. Daarna sal die normale klerebanktye geld.

Mnr. Braam van Eden : Voorsitter van Beheerliggaam

Baie e-kommunikasie is tydens die grendeltydperk gevoer, en dit was uiteraard 'n reuse uitdaging om, te midde van soveel ouers wat hul inkomste verloor het, steeds ons operasionele sakeplan in stand te hou. My opregte dank aan elke lid van die Beheerliggaam vir hulle onbaatsugtige ondersteuning. Dankie ook aan elke ouer wat moeite gedoen het om as fasiliteerder van skoolwerk tuis op te tree. Die huidige termyn van die bestaande beheerliggaam verstryk op 31 Maart 2021. U sal dus op hoogte gehou word insake die besigheidsplan om weer 'n beheerliggaam vir die 2021-2024 termyn te verkies. Baie dankie ook aan ons puik OOV, personeel, admin, NSS en werkerspan vir hulle volgehoue toewyding aan Laerskool Bellville-Noord... dit is die skool waarop ons almal trots kan wees!

Die Jaar 2021.....

Die onsekerhede oor hernude Covid-19 infeksies plaas noodwendig 'n demper op effektiewe beplanning vir die 2021 skoolprogram. Die vraag is op almal se lippe..... Begin die skool normaal? Die skool se Leierspan het verskeie permutasies ondersoek; na aan leiding van modelle wat skole in die Helderberg, Stellenbosch en Paarl reeds implementer. In wese is dit maatreëls wat getref is om die (volle skoolbevolking) terug te hê op die skoolbanke in 2021. 'n Aansoek is gerig aan die Direkteur van die Metropool-Oos Onderwysdistrik, en ons het amptelike toestemming ontvang om al ons leerlinge gelyklopend terug te kan verwelkom.

Die Beheerliggaam en onderwyserskorps is vol vertroue dat ons dus volstoom sal kan inval op 27 Januarie 2021, en dat die huidige persoonlike beskermingsmeganismes gehandhaaf sal kan word.

Aanpassings is noodsaak insake ons op- en aflaai van leerlinge, maar daar word reeds gewerk aan 'n strategiese plan in hierdie verband. Dit gaan baie geduld en uitstekende samewerking verg van ons ouers om verkeers-kongestie te beperk. Trouens; al die skole in ons omgewing maak reeds gereed om die jaar 2021 (met al die leerlinge) 'reg' af te skop.

Die Naskoolsentrum is ook reeds gerat om op 11 Januarie 2021, hul vakansie- program-leerlinge te ontvang; tot en met 26 Januarie. Daarna sal die NSS funksioneer soos voor die grendeltydperk; met die PPE's in plek.

Kommunikasie, met inagneming van Covid-19

U sal begryp dat afkondiginge; in terme van die Wet op Rampbestuur, 'n groot invloed kan hê op ons beplanning en projeksies. Tydens die huidige grendeltydperk was daar deurentyd grootskaalse verwarring oor maatreëls wat voortdurend aangepas en herroep is deur belanghebbendes. Die Beheerliggaam en Leierspan van die skool neem pro-aktiewe besluite (soos genoem). U word egter versoek om deurlopend u D6-kommunikeerder in stand te hou. Die Onderwysers sal ook nie op Whattsapp groepe in hierdie verband voortydig kan reageer nie, aangesien inligting slegs deur amptelike kanale aan die Skoolhoof gekommunikeer sal word.

Enige wysigings sal 'n kommunikasie-roete (DBO→WKOD→Distrikskantoor→ Skoolhoof) volg. Die Skoolhoof onderneem om die bron van kommunikasie amptelik te bevestig. Ouers moet dus nie by enige gerugte betrokke raak nie.

Graag wil ons u 'n gelukkige familie-samesyn toewens. Terwyl die fokus huidig 'fees-vieringe en verkope' aandui, mag ons almal herrinner word aan die ware boodskap waarin ons 'Geseënde Kersfees' gesetel is. Mag ons in ware geloof ons families koester en ons omgee-waardes beleef en uitstraal na ons medemens. Reis veilig, indien u die paaie aandurf, rus en keer met hernude ywer en entoesiame terug na u wonings.

Formele somerskooldrag is van toepassing vanaf 27 Januarie 2021.

Vriendelike groete

Mnr. J. Mostert
SKOOLHOOF

11 Desember 2020